



Jeremia, jy kan

Gr 1-6 kidz. Wat sal jy doen as die skoolhoof jou stuur om toesig te gaan hou by die Gr 7 klas vir 'n hele periode?

“Dit sal vir my voel of ek letterlik in 'n leeuhoek inloop! Die kinders is ouer as ek. Hulle gaan nie vir my luister nie. Die kans dat hulle my daarna gaan terg of gaan bullie is massief! LEEUKOS verseker!” Wel, dit is hoe ek sou voel. Hoe sou jy voel?

Net soos die skoolhoof het God 'n baie moeilike werk vir 'n jong man met die naam Jeremia gegee. Lees onderaan wat God vir Jeremia gevra het.

Illustrasie om te wys hoe God se wapenrusting jou hart te beskerm:

Vul 'n glas met water. Sny 2 ewe groot harte uit papier. Trek een van die harte oor met tinfolie.

Die 2 harte stel 2 mense se harte voor. Die tinfolie stel God se borsharnas van geregtigheid voor. Die water in die glas stel voor al die negatiewe dinge wat die wêreld vir jou sê. Spat druppels water op albei harte terwyl jy negatiewe opmerkings maak. Bv. Jy is nie goed genoeg nie; jy sal nooit wiskunde reg kry nie; ons is nie nou lus om na jou Jesus storie te luister nie, ens, ens.

Sonder God se borsharnas het die negatiewe woorde van mense die hart beskadig. Wys na die hart sonder foelie. Kom ons kyk of God se borsharnas die hart met foelie beskerm het van al die negatiewe woorde. Haal die foelie af. Die hart behoort nog mooi sonder enige water vlekke te wees.

God het 'n doel met elkeen van ons en sal ons nooit alleen los nie. Bely vandag jou sondes en trek die volle wapenrusting van God aan sodat jy die opdrag wat God jou gee suksesvol kan doen.



'n Profeet is God se boodskapper. 'n Profeet hoor wat God sê en vertel dit presies so aan die volk.



Lifetree kids: The Lords plans

<https://www.youtube.com/watch?v=HLWGNkCOP38>

Hillsong: Jeremiah 29:11

<https://www.youtube.com/watch?v=t8yhQmgzbjw>

Maak jou eie klei.

- 500ml koekmeel
- 200ml sout
- 30ml of 2 pakkies 12g kremetart
- 500ml water
- 30ml olie
- 2ml koekkleursel (opsioneel)

Plaas alles in 'n kastrol.

Roer die mengsel oor 'n matige hitte totdat klonte begin vorm. Voer rolbewegings met 'n houtlepel uit tot klammigheid verdwyn.

Verwyder van hitte en laat afkoel. Knie die klei goed deur. Berg in 'n lugdigte houër.

Maak uit 'n kardoessakkie 'n Jeremia handpop. Skryf die woorde “**Ek het my woorde in jou mond gelê**” in die mond van Jeremia.

Het jy geweet:

Jeremia word ook die huilende profeet genoem en het 2 boeke van die Bybel geskryf.

1. Jeremia
2. Klaagliedere van Jeremia.

Jeremia is gebore as lid van 'n godsdienstige familie uit Juda. Sy pa was 'n priester. Hulle het in 'n klein dorpie naby Jerusalem gebly. In die tyd wat Jeremia gebore is, het God se volk nie volgens sy voorskrifte geleef nie. Amper elkeen, van die konings tot die slawe, het valse gode gedien. Hulle het dit selfs binne-in God se tempel gedoen.

Toe Jeremia 20 jaar oud was, het die Here met hom gepraat en gesê: "Ek het jou geken nog voor jy gebore is en Ek het beplan dat jy namens My sal praat." Jeremia was bang. "Ag Here, ek kan dit regtig nie doen nie. Ek is nog heeltemal te jonk." Jeremia het nie gedink die mense gaan na hom luister nie.

God het vir Jeremia gesê: "Ek is by jou. As ek sê jy moet gaan, moet jy gaan en presies sê wat Ek vir jou sê. Moet vir niemand bang wees nie. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm." Toe het die Here sy hand uitgesteek en aan sy lippe geraak. Hy sê toe: "Hiermee sit Ek my woorde in jou mond."

God het vir Jeremia krag, moed en wysheid gegee. Hy het die mense herinner dat God vir hulle lief is en hulle wil help, maar niemand wou luister nie, nie eers die koning of die priesters nie. Jeremia het die volk herinner dat, toe die Noordryk nie na God geluister het nie, die vyand hulle oorwin en weggevoer het. Dis nou al 100 jaar later en die Suidryk hou aan om van God te vergeet. Selfs al kon hulle sien dat die vyand reeds op pad was, het hulle aanhou verkeerd doen.

Hoe meer Jeremia gewaarsku het, hoe kwater het die mense geword. Hulle het 'n paar keer vir Jeremia gemartel en in die tronk gegooi. Selfs in sulke moeilike tye was Jeremia getrou aan God se opdrag. Deur dit alles het God hom beskerm net soos Hy belowe het. Vir God was dit so erg dat die mense sy waarskuwings ignoreer het, dat Hy vir Jeremia gesê het:

"Hou op bid vir hierdie mense. Ek gaan nie meer luister wanneer hulle om hulp roep nie." Een van die voorbeelde wat God vir Jeremia gegee het om aan die volk te verduidelik wat gaan gebeur, is die beeld van 'n pottebakker en klei. Al hierdie waarskuwings het niks gehelp nie. Die volk wou nie luister nie. Die Babiloniese weermag het Jerusalem en die hele Juda oorwin. Hulle het die mure afgebreek, geboue verwoes en alles afgebrand. God het belowe dat hulle vir 70 jaar gevange sou wees en daarna sou Hy hulle terugbring na die Beloofde Land. Dit is net soos ons sien in die voorbeeld van die pottebakker. Toe die klei nie reg vorm nie, het hy van voor af met iets nuuts begin uit dieselfde klei. God wou ook so maak. Hy het belowe dat dit weer goed sal gaan met sy volk. Ná die 70 jaar in Babel sal hulle weer huistoe kom en oor begin. God se liefde vir sy kinders sal nooit ophou nie.

Een van die bekendste beloftes in Jeremia klink so: "Ek beplan mooi dinge vir julle. Ek wil hê dit moet met julle goed gaan. Julle sal weer dinge van My vra en Ek sal na julle luister. As julle My regtig liefhet, sal Ek vriendelik wees met julle."

(Jeremia 29:11 Bybel vir kinders)



God het jou uniek geskape met 'n spesifieke doel. Hy het jou baie lief.

Jeremiah 13-43

Jeremiah communicates God's messages using the following objects:

Object

Lesson



Ruined linen belt



God will destroy the pride of Judah
13:1-11



Wineskins



God will cause them to smash into each other like drunk people
13:12-14



Clay pot



God forms his people as a potter forms the clay
18:3-12



Good and bad figs



The exiles will return to Judah; Zedekiah and the survivors from Jerusalem will be destroyed by sword, famine and plague
24:1-10



Cup of wine



God will pour out his judgment on Judah and the nations
25:15-29



Yoke around neck



Nations must submit to Babylon's rule or face destruction
27:1-15



Deed of purchase



God will once again restore his people to their land
32:6-15



Buried stones



Babylon will destroy and rule over Egypt
43:8-13